18 Junie 2017 *Vadersdag*

09:00 Erediens (Belydenisaflegging)

Peet Crous

Van lekker luister kom lekker insig! Luk 8

18:00 Aanddiens

Jakkie Strachan

Herinnering aan Caritas-Sondag:

As jy nog nie 'n bydrae vir Caritas-Sondag gemaak het nie en wel 'n belofte gemaak het, daar is nog tyd.

25 Junie 2017

09:00 Erediens

Eric Scholtz

18:00 Aanddiens – Preekreeks #1

Jeanri Bezuidenhout

Geseënd is julle wat vryheid ondervind, want julle is vry vir ander.

Preekreeks:

Volledig, volbewus!

gelei deur
Immanuel van Tonder

2 Julie 2017 – 09:00 (Kerk): *vol*

9 Julie 2017 – 09:00 (Kerk): *ledig*

16 Julie 2017 – 18:00 (Kerk): *volledig*

23 Julie 2017 – 09:00 (Kerk): *vol-ledig volbewus*

Almal word hartlik uitgenooi na ons Aanddiens Preekreeks:

25 Junie 2017 – 18:00 (Kerk):

Jeanri Bezuidenhout

Geseënd is julle wat vryheid ondervind, want julle is vry vir ander.

2 Julie 2017 – 18:00 (Kerk):

Fay van Eeden

Geseënd is julle wat met onderskeiding luister, want julle sal stilte hoor.

9 Julie 2017 – 18:00 (Kerk):

Jakkie Strachan

Geseënd is julle wat teenstrydighede kan omarm, want julle sal die wonder van paradokse ontdek.

16 Julie 2017 – 18:00 (Kerk):

Immanuel van Tonder

Geseënd is julle wat weet wanneer genoeg genoeg is, want julle sal in vryheid met ander kan deel.

Lynnwood Winterfees

16 Julie 2017 om 19:00 (direk na die aanddiens). Kom geniet 'n heerlike wintersaand saam met ons. Smul aan winterkos en 'n glasie gluhwein om 'n warm konka. R100 per persoon (sluit 'n winterpot, warm winterspoeding en 'n glasie *gluhwein* of warm sjokolade in). Bring asseblief jou eie eetgerei, glase en drinkgoed (en miskien 'n knie kombers vir die koue). Kaartjies te koop Sondae by die Info-toonbank of deur die week by die kerkkantoor. Navrae Fay van Eeden faycve@gmail.com.

Die week se kalenderaktiwiteite

Maandag:	**Gemeentevroue Komiteevergadering** 16:00 (A21).
Dinsdag:	**Bybelstudie 08:30 (Kapel)** – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413. **Helplift Bedieningvergadering** 17:00 (Kapel). **Nuwe Generasie Bybelskool** 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660.
Woensdag:	**Studente-selgroep** 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836 **"Young couples"-omgeegroep** 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854.
Donderdag:	**Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord). **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413. **Jong Volwasse-omgeegroep** 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854. **Oop vir die Oomblik-kursus** 19:00 (Kapel) – Willem Nicol en Immanuel van Tonder 083 540 6015.
Vrydag:	**Bybelstudie** 08:15 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Voorbidding

Annette Raubenheimer, The Loop 12C, Lynnwood, 072 611 5732 – heupvervanging.

Bewys van lidmaatskap

Lonnie en Hanli van der Merwe, Villa Rone 926, Furrowweg, Equestria, 082 304 4981.

Indien u kan help samp of mieliepap vir 20 persone vir die **Winterfees** maak, kontak asb. vir Bets by die kerkkantoor 012 348 1245.

Jakaranda Kinderhuis 6 benodig hulp vir die volgende behoeftes :

1. Liefde, omgee en gebed.
2. Naweek- of vakansie-ouers vir 3 seuns van 8, 9 en 11 jaar.
3. Klere (ook ou swemklere), tekkies en skoene vir seuns 8 – 17 jaar.
4. Hulp met huiswerk Woensdae middae vanaf 14:00, asook stimulerende aktiwiteite.
5. Ons 1 vissie in die vistenk soek maatjies. . . hy is eensaam. . .
6. Rusbanke. Die 3 rusbanke met totaal 12 sitplekke moet opgeknap word, die vulling is gedaan.
   Indien u verhuis en moontlik groot ou meubels wil skenk?
7. Koffiestalletjie – Desember:
   - Volle verantwoordelikheid en voorbereiding vir 1ste 2 weke.
   - Hulp.

Baie dankie – u ondersteuning word opreg waardeer!

Ya Bana:

Ya Bana Village: Ons wil graag baie dankie se vir al die dames wat die laaste paar maande gehelp het om die weeklikse "city lunch" vir die Ya Bana kinders en personeel te kook.

Dankie ook vir skenkings van kos, klere, kinderboeke, opvoedkundige speelgoed wat ons van tyd tot tyd ontvang. Ya bana het twee weke terug 'n nuwe pleegsorghuis geopen met 6 weeskinders van ouderdomme 2 tot 9 jaar met 'n hofbevel wat hulle geplaas het tot hul die ouderdom van 18 jaar bereik. 'n Enorme verantwoordelikheid. Ons benodig asb. dringend komberse en winters kinderklere en skoene. Baie dankie. Carina Goosen 082 900 4087.

Dankoffer: Oorweeg asb. biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses:
koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood,
ABSA Takkode: 632005,
Tjekrekening nr: 540 580 014
(gebruik asb. u Voorletters en Van as verwysing) of *SnapScan.*

Snap here to pay

SnapScan

Die Kontak van dié week: Gekneus

Die lewe het 'n manier om ons te kneus. Spanning, teleurstelling, hartseer en verlies se houe laat ons met emosionele kneusplekke. En soms is die houe so baie dat ons voel ons nooit weer níe gekneus sal wees nie. Soms is ons kneusplekke so baie en so seer dat dit vir ons beter en makliker is om onsself te isoleer, want isolasie beteken minder mense wat aan ons kneusplekke kan raak.

Daar is ook geen salf te smeer aan kneusplekke nie. Daar is ongelukkig geen wonderkuur vir kneusplekke nie, behalwe miskien tyd en baie daarvan. 'n Vriend van my het altyd gesê: 'Tyd is die Here se medisyne'. En miskien ook geduld. Geduld met onsself, en ook van dié rondom ons. In 'n wêreld van vinnige internet en *quick fixes* is beide tyd en geduld 'n ondenkbare luukse wat ons moeilik aan ander, en nog moeiliker aan onsself, toestaan.

Behalwe vir die feit dat emosionele kneusplekke moeilik sigbaar is, word meeste van ons van kleintyd af ook geleer om sterk te wees. Kwesbaarheid bly vir baie van ons 'n teken van swakheid, en daarom steek meeste van ons ons kneusplekke weg.

Maar so elke nou en dan 'sien' iemand ons kneusplekke of eerder die simptome van ons kneusplekke raak, en hulle vat **saggies** aan ons. Hulle bewys liefde en genade aan ons wanneer ons sukkel om self in daardie konsepte te glo. Hulle omgee en goedheid voel soos watte wat ons beskerm van verdere kneusing.

Vandag vier ons jeugdag. Met jeugdag herdenk ons die dood van baie Soweto skoolkinders wie se optrede op 16 Junie 1976 ons land se geskiedenis vir altyd verander het. Jeugdag herinner my hierdie jaar aan meer as die hartseer en onnodige dood van Hector Pieterson en baie ander kinders. Dit herinner my daaraan dat ek in 'n land vol gekneusde mense woon. Sommige dra steeds die kneusplekke van wat 41 jaar terug in Vilakazi straat en onder die apartheidsregering gebeur het. Ander het meer onlangs kneusplekke opgedoen - grondeise, die erfenis van wit-bevoorregting, plaasmoorde, *'fees must fall'* ens. Ons kneusplekke mag dalk van mekaar verskil, maar een ding is seker ons almal in Suid-Afrika is gekneus en seer.

En miskien wat ons meer as enige iets anders nodig het is om mekaar se kneusplekke nie net raak te sien nie, maar saggies met mekaar om te gaan in die hoop dat ons kneusplekke so met tyd gesond sal word.

Liefde

Fay *(namens die Predikantespan)*

Lees gerus in die Kontak e-pos of webblad www.nglynnwood.co.za

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asb. ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom.
Besoek gerus die Info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

EK BIED MY GAWE AAN:

Naam _____

Selfoonnommer _____ **Landlyn nommer** _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

_____

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

_____

_____ _____

Handtekening **Datum**

*** Handig asb in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.
*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

Gemeenskap

Skole: Langnaweek 16 (Jeugdag) tot 18 Junie 2017. Skole sluit 30 Junie 2017.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Vervoer: Lynnwood Oord-inwoners na Glenfair elke 3e Woensdagoggend – Heléne Coetzer 012 348 1826.

Lynnwoorde: Die Lynnwoorde is ons kerkblad vir en van almal in die gemeente. Stuur asseblief 'n artikel oor enige interessante en/of belangrike gebeure in die gemeente vir die redaktrise by rykie.snyman@telkomsa.net sowel as aan die kerkkantoor by kerkkantoor@nglynnwood.co.za. Alle bydraes word redigeer voor plasing in die blad en u hoef dus nie bekommerd te wees oor enige taalfoute nie. Kontak ook gerus die kerkkantoor indien u belangstel om in Lynnwoorde te adverteer.

Harmonie Oord Tuiste vir Bejaardes | "Skuiling in die stad": Veilige hawe vir serlfversorgende ouer persone. Ontbyt en middagete word verskaf. Enkel en dubbel kamers is beskikbaar. Gemeenskaplike waskamer waar inwoners self hul wasgoed kan was, 'n speletjiesvertrek, biblioteek, dienskombuise en aktiwiteite. 'n Bussie om inwoners te vervoer. Navrae: 012 440 3137 adminho@harmoniepark.co.za (www.harmoniepark.co.za).

Flaurana Senior Sorg: 24 uur mediese versorging, dagsorg, korttermyn vakansie sorg en veilige, liefdevolle omgewing. Navrae: 083 227 3370 of floraunaseniorsorg@outlook.com.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of
SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Waterprobleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of of e-pos customercare@tshwane.gov.za.